

Mark Shuttleworth hou basaar

Mathabo le Roux

Korporatiewe maatskaplike beleggings (CSI) word deesdae in die skadu gestel deur vereistes vir swart ekonomiese bemagtiging. Die Shuttleworth-stigting van mnr. Mark Shuttleworth wil egter weer dié belangrike aspek van korporatiewe verantwoordelikheid op die voorgrond plaas met sy sogenaamde innovasiebasaar.

Die stigting het ten doel om opleiding in wetenskap, wiskunde en tegnologie te bevorder en entrepreneurskap by skoolkinders aan te wakker.

Projekte wat in dié rigtings 'n rol kan speel, word deur die stigting geïdentifiseer en deur die "basaar" bekend gestel

aan maatskappye wat as deel van hul korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid in sulke projekte wil belê.

In effek kan maatskappye 'n bepaalde projek "koop", en op die basaar tree projeksamestellers as "verkopers" van hul projekte op.

Die basaar is verlede jaar van stapel laat loop en tien projekte in die Wes-Kaap het op dié manier borge gekry.

Me. Annemarie van der Merwe, voorsitter van die Iscor Trust, wat een van die projekte finansier, sê die basaar is 'n proaktiewe inisiatief.

"Baie maatskappytrusts het nie die hulpbronne om volhoubare maatskaplike beleggingsprojekte te identifiseer nie.

"Die basaar stel geskikte projekte bekend aan dié maatskappye."

Die projekte is deur die bank op 'n hoë peil en is geloofwaardig omdat dit aan 'n deeglike keuringsproses onderwerp word.

Die basaar gaan ook 'n stappie verder: projekte wat goedgekeur word, word onderwerp aan 'n reeks slypskole waar die bestuurders van die programme leer hoe om strukture te vestig vir verslagdoening, begrotings op te stel en aanbiedings saam te stel.

Maatskappye wat belangstel om deel te neem aan die inisiatief, kan die Shuttleworth-stigting bel by ☎ 021 970 1200 of 'n e-posboodskap stuur aan Kim Vosse by kim@shuttleworthfoundation.org.

